

### Die armoede van gebed

“... ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie ...” (vers 26). Nêrens word die armoede van gebed so radikaal blootgelê nie. Aan die een kant kan ‘n gelowige tot God roep: “Abba, Vader”. Maar aan die ander kant geld ook dat hy nie weet wat en hoe hy behoort te bid nie. Is dit nie soms met jou ook só nie? Dat jy sprakeloos staan – spreekwoordelik met ‘n mond vol tande – en dat jy eenvoudig nie weet nie; nie die woorde kan vind om te bid nie? Dalk by ‘n sterfbed? Of in tye van groot krisis?

Paulus sê dit het te make met die “swakheid” van ‘n gelowige. Daarmee bedoel hy alles wat in hierdie verganklike lewe ons deel is, die skuld en gebrokenheid van die aardse lewe wat ons laat sug en wanhoop. Uit hierdie swakheid kom die onvermoë en hulpeloosheid om te kan bid. Dit is só erg, dat die Heilige Gees vir ons moet intree. Hy weet hoe en wat om te bid. Hy pleit vir ons met “versugtinge wat nie met woorde gesê kan word nie” (vers 26) en tree só vir ons in by God self.

Ons kan ons nooit op ons gebede beroem nie. So lank as wat ons hier op aarde lewe, sal hierdie armoede deel van ons gebedslewe wees. Maar juis daarin lê ook die groot rykdom van gebed. Die armoede verlam ons nie – dit maak juis die pad oop om te kan bid. As God ons net sou hoor wanneer ons gebede “reg” is, sal ons nooit werklik kan bid nie. Ons sal nooit kan beantwoord aan die standaard wat God stel nie. Maar nou is die aanvaarding van ons gebed nie afhanklik van hoe goed of hoe reg dit is nie. Gebed rus in die werk van die Gees wat in ons plek en ter wille van ons by God pleit.

Wat ‘n wonderlike genade is dit nie! Jy hoef nie krampagtig te probeer om mooi te bid nie. Jou gebed self kan nooit voor God aanvaarbaar wees nie. Maar moet ook nie agter slordigheid in jou gebedslewe wegkruip nie – asof dit nie saak maak hoe jy bid nie. Daar moet juis by ons skuld en hartseer wees oor ons armoede. Tog kan en mag jy met die armste gebed na God toe gaan. Niks hang af van die kwaliteit van jou gebed nie! Trouens: jy moet juis in jou armoede kom – soos die tollenaar: “O God, wees my, sondaar, genadig” (Luk. 18:13). Die geheim van gebed lê in Jesus Christus en sy belofte: “Wat julle die Vader ook al in my Naam sal bid, sal Hy vir julle gee” (Joh. 16:23). En die Gees dra jou gebed voor God. Hy pleit vir jou met woorde wat jy self nie kan vind nie.

*Sing: Sk. 9-6:7 (ou Sb. 20)*

*Ds Frans van Dyk (Keetmanshoop/Mariental)*